

# Les Plan Vier Voeding

## KRITIEKE UITKOMSTE

**KU#1:** Identifiseer en los probleme op op 'n manier wat getuig daarvan dat kritieke en vindingryke denke gebruik is om verantwoordelike besluite te neem.

**KU#3:** Organiseer en bestuur jouself en jou aktiwiteite op 'n verantwoordelike en effektieke wyse.

## LEER UITKOMSTE

**LU#2:** Die leerders sal kennis dra van, en in staat wees om wetenskaplike, tegnologiese en omgewings kennis te interpreteer en aan te wend.

**Sub-vaardighede:**

Waarneem en inligting herroep

Verstaan en gebruik inligting

Sorteer en Klassifiseer

Voorspellings maak

## ASSESSERINGS STANDAARDE

Herroep betekenisvolle inligting

Kategoriseer inligting

## HOE OM DIE LES AAN TE BIED

Hersien die volgende terme: karnivore, omnivore en herbivore.


Verduidelik die verskillende tipes tande en hulle verskillende funksies deur gebruik te maak van die sketse wat op die volgende bladsy gevind kan word.

Kiestande (M) & Voorkiestande (P)	- maal
Slagtande (C)	- skeur / stukkend maak
Snytande (I)	- sny

Laat die leerders kyk na die sketse van die verskeie skedels op die Skedel Bladsy. Probeer om regte skedels te kry (dit kan moontlik geleen word by die plaaslike universiteit of museum). Vra die leerders om na die verskillende skedels te kyk en te raai wat hulle eet deur na hulle tande op te let. Kan hulle slagatande sien? Die leerders moet nou die skedels in die regte kategorieë plaas op grond van wat hulle sien en redes aanvoer vir hulle besluite. Gee hulle 10 - 15 minute. (Vra die leerders om hulle antwoorde op 'n aktiwiteits vel neer te skryf - kyk na die voorbeeld op bladsy 33.)

Verskaf die volgende voorbeelde aan die leerders waar die tandstelsels van 'n herbivoor, karnivoor en omnivoor aangedui is. Laat die leerders nou toe om wysigings aan die kategorieë aan te bring op grond van die nuwe inligting wat hulle bekom het. Vra die klas om met idees vorendag te kom oor die dier waaraan die skedel behoort en skryf die lys van diere op die bord neer.





## TAND VOORBEELDE

### KARNIVORE

3 snytande, 1 slag tand, 4 voorkiestande, 2 kiestande aan een kant van die boonste kaak  
 3 snytande, 1 slag tand, 4 voorkiestande, 2 kiestande aan een kant van die onderste kaak

### OMNIVORE

2 snytande, 1 slag tand, 2 voorkiestande, 3 kiestande aan een kant van die boonste kaak  
 2 snytande, 1 slag tand, 2 voorkiestande, 3 kiestande aan een kant van die onderste kaak

### HERBIVORE

0 snytande, 0 slag tand, 3 voorkiestande, 3 kiestande aan een kant van die boonste kaak  
 3 snytande, 1 slag tand, 3 voorkiestande, 3 kiestande aan een kant van die onderste kaak



## Onderwyser Skedel Bladsy



Jagluiperd



Bobbejaan



Huiskat



Hond



Bok



Perd



Vark



Mens



Skaap



Rooibok

Gebruik die sketse hierbo en kyk of jy die spesiale tande kan vind wat die dier sal help om sy kos te eet. Verdeel die diere in drie tabelle op grond van hulle eetgewoontes wat dus ook sal aandui of die dier 'n karnivoor, herbivoor of omnivoor is.



## Studente Skedel Bladsy



Gebruik die sketse hierbo en kyk of jy die spesiale tande kan vind wat die dier sal help om sy kos te eet. Verdeel die diere in drie tabelle op grond van hulle eetgewoontes wat dus ook sal aandui of die dier 'n karnivoor, herbivoor of omnivoor is.





## WERKSTUK - tandpraat

Naam van student: \_\_\_\_\_

Klas: \_\_\_\_\_

Jaar: \_\_\_\_\_

Skedel #	Dieët	Kategorie	Rede	Nuwe Kategorie
1				
2				
3				
4				
5				
6				
7				
8				
9				
10				





## WAARDEBEPALING

Rubriek vir Tande Praat Werkstuk:

1	2	3	4
Die leerder was nie in staat om die tande te identifiseer nie en kon nie die dieët of die kategorie klassifiseer waaronder die skedels verdeel moet word nie.	Die leerder kon die tande identifiseer alhoewel die redes vir die klassifikasies nie altyd begrip vir die konsepte gewys het nie.	Die leerder het die werkstuk voltooi en het goeie redenerings vermoë getoon in terme van die klassifikasies.	Die leerder het verwagtinge oortref met innoverende redes vir die klassifikasies.

